

EK HET MY EFILING-WAGWOORD VERGEET

Ons beseft dat jy net een keer per jaar 'n belastingopgawe indien en dit daarom maklik is om jou wagwoord te vergeet. Daarom, indien jy jou eFiling-wagwoord vergeet het, is hier hulp vir jou.

Dis eenvoudig – jy kan kies of jy dit aanlyn of oor die foon wil doen.

Aanlyn deur die eFiling-webtuiste

Gaan na die eFiling-webtuiste en klik op die *Login*-knoppie. Klik dan op “For a Reminder of your username or if you have forgotten your password”, [click here](#).

Skakel die Kontaksentrum

'n Geoutomatiseerde selfdiens-opsie is beskikbaar by 0800 00 7277 om jou wagwoord te herstel en per SMS of e-pos te ontvang.

Volg hierdie maklike stappe om jou wagwoord te herstel:

- 1) Skakel die SARS Kontaksentrum by 0800 00 7277.
- 2) Luister na die beskikbare opsies en kies “If you have forgotten your personal eFiling password”.
- 3) Wanneer versoek, sleutel die volgende besonderhede in:

- Belastingverwysingsnommer gevolg deur die hutssleutel (#).
- Suid-Afrikaanse ID-nommer of maatskappy registrasienommer gevolg deur die hutssleutel (#).

Indien jou kontakbesonderhede verander het sal jy na kontaksentrumagent deurgeskakel word om jou te help om jou wagwoord te herstel.

Top Wenk: Voor jy ons skakel, maak seker jou identiteitsnommer en belastingnommer is byderhand.